MEDIAVERKLARING

DATUM: **28 APRIL 2011**

OPGESTEL DEUR: **D LINDE - GROEPSEKRETARIS**

NAVRAE: derekl@suidwes.co.za **/ 018 581 1022**

Tussentydse dividendbetaling: 2010/2011-finansiële jaar

Die Direksie van Suidwes Beleggings Beperk ("die Maatskappy") het op 28 April 2011 die betaling van 'n tussentydse dividend van 13.00 sent (28 April 2010: 13.00 sent) per aandeel goedgekeur. Daar is besluit om die dividend van die vorige jaar te handhaaf ten spyte van die huidige jaar se laer winsgewendheid, maar met die vooruitsigte van beter resultate in die 2012-finansiële jaar.

Die tussentydse dividend word betaal aan die aandeelhouers soos op 28 April 2011 in die aandeleregisters geregistreer en kennisgewings met afrekeningstate sal op 30 April 2011 aan hulle gepos word.

Die finansiële resultate van die Maatskappy vir die 2011-finansiële jaar sal aan die einde van Julie 2011 gepubliseer word en die algemene jaarvergadering sal op 16 September 2011 gehou word.